DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

# Die Basuin

15 MAART 2020



Predikant: Ds. S.P. Venter

Pastorie: 015 296 1840

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com

**Tema 2020 - VISIE 20/20**

**OGGENDEREDIENS** Ds. Sarel Venter

**Skriflesing** Ef 6: 10 - 20 en Kol 1: 13 - 20

**Tema** Wapens vir 'n groot stryd



Psalm 89: 1, 2
Skrifberyming 12-3: 1, 2
Psalm 38: 1, 17
Skrifberyming 14-3: 1, 2
Psalm 23
Psalm 116
Skrifberyming 10-2
Skrifberyming 14-3: 3, 4

EREDIENSTE VANDAG:
Oggend: 09H00
Aand : Geen

Die Satan is ons vyand wat rondgaan soos 'n brullende leeu. Daarom gee die Here wapens om ons van kop tot tone te beskerm. Ons is sagte teikens - ons dink en ons koppe kan oorlaai word, ons kan begin twyfel in God se bestuur en beheer. Daarom moet ons ons harte oppas. Satan floreer op twis, tweedrag, partyskappe en geweld. Hy neem ons op die pad van leuens en halwe waarhede. Hy maak vyandskap en saai tweedrag. Ons steek mekaar in die rug. Daarom ontvang ons die waarheid as sentrale deel van ons uitrusting. Die Gordel hou alles vas en bymekaar. Ons waarheid is dat Jesus Christus die Enigste ware Verlosser is. Satan wil ons kragteloos maak, maar ons vind ons krag in gebed by die Here om die swaard van die Heilige Gees te bly gebruik. Dit is God se Woord. Die Woord is ons wapen teen depressie, moedeloosheid en 'n gees van vreesagtigheid. Ons is geroep tot stryd, neem die Evangelie na buite met die geloof as skild as die teenstanders ons aanval. God het ons lief en Hy bewapen ons met die beste.

# DATUMS OM TE ONTHOU

| | | | |
|---|---|---|---|
| **15 Maart** | **Kollektes** | **Tydens erediens:** | Diakonale sorg |
| | | **By deure:** | Spesiale fonds |
| **17 Maart** | **16:00** | Finanskommissievergadering | |
| **20 Maart** | | Skole sluit | |



## KATKISASIE

Daar is geen katkisasie agv die Nagmaal.

## KONSISTORIEDIENSBEURT 15 MAART 2020

**Diensbeurt:** Wyk D2 **Katkisasie: Geen**

**Ouderling: Francois Pretorius** **Diaken:** Reinhardt Weidemann

## BUSSIE

Ons vra hulp aan die gemeente wat kan help met vervoer. Volgens 'n kaping wat plaasgevind het loop die bussie nie. As jy 'n plekkie oop het vir iemand wat vervoer nodig het help ons uit. Dis net Donderdae vir katkisasie en Sondae vir kerk.

## TEESKINKBEURTE

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **15 Maart** | Nagmaal | **22 Maart** | Welma Venter | D2 |
| | | | Elzia Boshoff | D2 |
| | | | Jani Botha | D2 |
| | | | Natania Carstens | D2 |
| | | | Annemarie v Biljon | D2 |



**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

# OOG VIR MEKAAR



- * Hester vd Merwe is nie geopereer nie. Die infeksietelling is ook af. Ons bid vir haar en Dawie .
- * Ons bid vir Gerhard Maritz wat newe-effekte van die bestraling ondervind. Sterkte vir jou en Marthie
- * Ons is dankbaar dat Reinhardt en Melanie Weideman en kindertjies almal tuis is. Ons dank ons Vader vir genesing.
- * Lana Nel se moeder is met kanker gediagnoseer. Na toetse Vrydag in Pretoria sou die presiese aard daarvan vasgestel word. Ons bid vir die familie in die toetsende tyd
- * Baie geluk aan ouers en grootouers wie se kinders en kleinkinders graad ontvang. Dra ons gelukwensing asb aan hulle oor.
- * Ons is dankbaar dat Marie Austin se oogoperasies suksesvol blyk te wees. Ons bede is dat daar spoedige genesing en volle sig sal wees
- * Maartin Venter het afgelope week 'n knievervanging ondergaan. Sterkte vir Annetjie met die tuisverpleging
- * Baie geluk aan Leon en Welma Venter wat 'n kleinkind ryker geword het.
- * Corne du Plessis het verlede week 'n knievervanging ondergaan en is op die pad na genesing.
- * Vir almal wat swaar kry onder liggaamlike en geestelike druk, bid ons die troos en bystand van die Heilige Gees toe.
- * Voorbidding: Ons vra almal se voorbidding vir die Koningskinderskamp wat DV Saterdag met die toerusting begin. Sondag om 10:15 is dit gesamentlike diens by GK-Noord. Ons kamp duur tot Donderdag die 26ste.
- * DV Sondag 29 Maart om 09:00 preek proponent Hanno van Schaik hier by ons.
- * Baie dankie aan almal wat Vrydagaand deel was van die verskillende aksies hier by die kerkgebou. Dankie vir al die touleiers
- * Baie welkom aan nuwe lidmate en die besoekers vandag in ons midde. Van Noord-Dakota tot plaaslik.
- * Opgeneem: Anthony en Mart-Alet Schnehage. Baie welkom in ons midde. Mag julle hier tuis wees en ook geloofsgroei ondervind.
- * Nico Coetsee wat na 3 jaar weer terug is. Ons wens jou die beste toe.

## ATTESTATE ONTVANG

Hendrina Vermaak vanaf Gereformeerde Kerk Uitschot.
Ryno en Elmarie Swanepoel vanaf Gereformeerde Kerk Pietersburg-Noord.
Amelda Rutherford en Domenique Saunders vanaf Gereformeerde Kerk Bloempark.

## SILWERDOPPERS

Die Silwerdoppers word almal uitgenooi om op Saterdag 4 April 2020 saam met GK Pietersburg-Noord potjiekos te geniet. Die saamkuier word by GK Pietersburg-Noord gehou.

## MY TONG IS ONDER NUWE BESTUUR

Deur Stephan Joubert

Ons tonge is nie ons privaat eiendom nie - nie as ons sê ons dien die Here nie. Dan kan ons nie daarmee maak wat ons wil nie. So sê die Bybel. Woorde is wapens. Afhangende van in wie se mond woorde vorm aanneem, en uit wie se harte taal voortspruit, kan dit of goeie of slegte wapens wees. In die mond van 'n dwaas is woorde soos dodelike messteke wat ander mense seermaak en verwond. In die mond van 'n wyse is woorde soos goeie salf en genesende medisyne. In Titus 3:2 gee Paulus juis 'n belangrike riglyn vir reg praat as hy skryf dat ons nooit kwaad van ander moet praat nie. Ons woorde is nie veronderstel om lewensgevaarlik te wees nie. Dit moet die Here se liefde, en ons eie omgee, in die rigting van ander mense stuur. Daar is oorgenoeg skerp woorde in die wêreld te hoor. Daar's heeltemal te veel vernietigende woorde in omloop. Praat asseblief anders oor mense en met mense. Praat goed. Praat opbouend. Praat gesond. Praat hoopvol. Praat die Here se troos nader. Praat twyfel en ongeloof uit die pad. Praat so dat mense agterkom jou eie tong is onder nuwe hemelse bestuur!

# DOPPERDOORFEES

17 & 18 April 2020

Die doel van die fees is om saam te kuier as gemeente en om lidmate beter te leer ken.

Ons benodig spanne vir die Bybelvasvra asook spanne vir verskeie sportaktiwiteite om mee te ding vir die groot prys (**DIE DOPPERDOORTROFEE**)

Vrydag 17 April sal die Bybelvasvra wees en daar sal jaffels teen R 20-00 elk te koop aangebied word. Bestellings vir die jaffels kan vooraf geplaas word by Cassie 081 354 3400.

Saterdag 18 April sal daar afgeskop word met 'n pret-draf (punte kan bymekaar gemaak word vir die trofee). Die spansport sal by die kerkgebou na die pretdraf begin.

'n Heerlike plaasontbyt teen R 50-00 per ontbyt sal ook bedien word.  Getalle kan vooraf deurgegee word vir die voorbereiding.

Daar sal ook verskeie kosstalletjies wees vir lekker wegneemetes.




Kom en geniet 'n lekker DOPPERSAAMKUIER.

Kontakpersone:

Daleen Coetsee 079 490 2678 of
Johan Maritz 082 556 1956

# BYBELSTUDIE

Die lys van Bybelstudiegroepe wat elke week vergader is soos volg:

| Groepleier | Tyd | Plek |
|---|---|---|
| Gideon de Klerk (082 805 8947) | Sondag, 10:30 | Van huis tot huis |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Dinsdag, 09:30 | Kerkgebou |
| Johan van Biljon (082 388 2117) | Woensdag, 18:00 | Van huis tot huis |
| Elzanne Botha (076 572 0991) | Woensdag, 18:00 | Van huis tot huis |
| Annemarie Bakker (082 484 6267) of André Bakker (083 457 1711) | Woensdag, 19:00 | Herculesstraat no.6 |
| Alta Theron (015 – 296 2168) | Donderdag, 09:30 | Wesselstraat no.148 |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Woensdag, 18:30 | Bendor Pastorie |
| Betsie de Witt (084 209 4220) Marlene Hoogendyk (083 648 5397) | Sommige Sondae na katkisasie | Kerkgebou |

**Elke lidmaat in die gemeente word uitgenooi om in te skakel by een van die Bybelstudiegroepe. Dit is waar ons mekaar regtig leer ken, vriende word en mekaar ondersteun, waar die Christelike liefde spesiaal ondervind word**

Kontak Alta indien daar lidmate is wat in gesinsverband of tuisbybelstudie wil doen, altatheron@vodamail.co.za

Gebed
Daniël
Joël
Maleagi
Miga
Nahum
Groei in die Gees
Openbaring
Dood en hiernamaals
Jakobus
Die duiwel maak sin
Hebreërs
Die lewende kategismus
Beproewing




**Bybelstudies ook beskikbaar op die webblad www.gereformeerd.co.za**

# PLASINGS IN DIE BASUIN

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met Br. Nantes Kotze kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per epos na die kerk se e-posadres stuur.

**Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**



# KALENDER



| *Verjaarsdae* | | | |
|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Belydend/ Doop** | **Sel/Tel no.** |
| Di. - 17 Mrt | Mickayla Sawenpoel<br>Henk Venter | D<br>B | 082 827 7249 |
| Wo - 18 Mrt | Jan Albertyn<br>Elizia Boshoff | D<br>B | 082 895 0119<br>082 931 7992 |
| Vr. - 20 Mrt | Marié Austin **<br>Deon Boshoff | B<br>B | 082 344 5586<br>072 353 1953 |
| Sa. - 21 Mrt | Martie Mulder | B | 082 859 0727 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 15 Maart 1986 | Joggie en Hannelie Krüger | 34 | 082 967 9003<br>082 856 8509 |

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>Epos<br>Webwerf<br>Kantoorure | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>admin@gereformeerd.co.za<br>www.gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br><br>**Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581<br><br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| | **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| | **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| | **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| | **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*"Ter wille van hierdie evangelie is ek 'n gesant in boeie. Bid dat ek dit met vrymoedigheid kan verkondig soos dit my opgelê is."*

*Efesiërs 6: 20*

*Almal is hartlik welkom vir 'n koppie tee of lekker boeretroos na afloop van die erediens*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS